{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

SESDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Moedersdag
Word ons moeders na waarde geskat?

Tekste: Spreuke 31: 10-31; Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 175; Gesang 190: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 514: 1-2; Gesang 268 x 2.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Stilte en tyd vir nadenke ...

WYDING:

Majesteit, glansryke heerlikheid! Ons wil Jesus, die Koning, hulde bewys ~ Gesang 175.

VOTUM:

Gemeente, God bevestig in sy Woord: Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jacob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God.

SEËN:

Die genade van die Here Jesus sal by ons almal wees. Amen.

SANG:

Gesang 190: 1-3 ~ Grote God, aan U die eer

SESDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Moedersdag
Word ons moeders na waarde geskat?

Tekste: Spreuke 31: 10-31; Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 175; Gesang 190: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 514: 1-2; Gesang 268 x 2.

WET:

God se wet vra van my en jou liefde en vergifnis. Kom ons sing van hierdie liefde uit Gesang 530 strofes 1, 2 en 3

SKULDBELYDENIS:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus as ons weer vanmôre mooi na die wet geluister het, sal ons besef hoe liefdeloos ons teenoor God en ons naaste is. Kom ons bely nou elkeen in sy hart die volgende woorde:

Here ons het almal afgedwaal; ons lewe in stryd met U Woord, ons is liefdeloos teenoor U en teenoor ons medemens. Here vergeld ons genadiglik nie volgens ons dade nie, vergewe ons in Jesus Christus wat vir ons aan die kruis gesterf het. Amen!

GENADEVERKONDIGING:

As ons, ons skuld so bely, wil God ons verseker van sy genade. Daarvan lees ons onder andere in Galasiërs 3

vers 11 as ons lees: … hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe!

GELOOFSBELYDENIS:

Kom ons bely nou ons geloof as gemeente deur saam te sing uit Gesang 514 strofes 1 en 2.

GEBED:

SPREUKE 31: 10-31

PREEK:

10 ’n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.

11 Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.

12 sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele ewe lank.

13 Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk.

14 Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in.

15 Sy staan op as dit nog nag is en maak kos vir haar huisgesin; ook haar slavinne kry hulle deel.

16 Sy oorweeg die waarde van ’n stuk grond en koop dit,

sy sit dit onder wingerd met geld wat sy self verdien het.

17 Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie.

18 Sy stel vas of die wins goed is, haar lamp bly heelnag rand.

19 Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel.

20 Sy het ’n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.

21 Sy is gerus oor haar huisgesin as dit sneeu: hulle dra almal warm klere.

22 Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol.

23 Haar man is welbekend by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag.

24 Sy maak klere en verkoop dit, sy lewer gordels aan die handelaars.

25 Alles aan haar spreek van ’n sterk en edel persoonlikheid;

sy ken geen kommer oor die toekoms nie.

26As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde.

27Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie.

28Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar:

29"Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!"

30Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word.

31Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen; laat haar werk haar roem wees in die stadspoorte.

PREEK:

Moedersdag. Waaraan dink jy as jy die woordjie MOEDER hoor? Die meeste van ons sal aan mooi goed dink ... warmte, liefde, wysheid, versorging, omgee, altyd daar vir my. Dit is die soort moeder wat die Bybel ook beskryf. Nie 'n volmaakte mens nie, maar in wese 'n versorger.

Daarom is dit tog nodig om soms stil te staan en na te dink oor die sorg van 'n moeder ~ ook oor die sorg van

my eie moeder. Ons moet gaan dankie sê: dankie vir God en as ons nog kan, dankie vir my moeder.

En nou; geliefdes van ons Here Jesus, wil ek graag vanmôre vir ons ’n vraag vra: Ek wil vra, kan ons ’n moeder se waarde werklik meet? Kan ons die waarde van ons ma’s werklik meet? En om hierdie tema vanmôre te onderstreep wil ek graag ook Psalm 131 vers 2 by lees, en wel saam met dit wat ons reeds vanmôre uit die Bybel gelees het: Ons lees daar: “*Soos ’n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind*.”

Vandag word daar oral in ons land Moedersdag gevier. En daar is mense wat wonder of dit werklik nodig is om so ’n dag te hê waarop ons kan dankie sê vir ons moeders. Hierdie mense sê, maar waarom moet ons nou juis spesiaal dankie sê, hulle het mos self gekies om moeders te wees, niemand het hulle gedwing nie ... dit was hulle eie vrye keuse gewees!

SESDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Moedersdag
Word ons moeders na waarde geskat?

Tekste: Spreuke 31: 10-31; Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 175; Gesang 190: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 514: 1-2; Gesang 268 x 2.

As ek in die Bybel lees, dan lees ek dat moeders wonderlike geskenke van God is. Ons lees honderde voorbeelde van vroue wat vir hulle mans, kinders en selfs hulle land en volk alles beteken het. Spreuke sê hierdie vrouens help hulle mans en selfs kinders soveel dat hulle die steunpilare in die samelewing geword het vir mans en kinders.

In ons eie tyd, in ons eie land, in ons eie huise is die vrouens en moeders dikwels die stille krag waarom die hele huishouding draai. Soveel so dat kinders en mans dikwels hard en saggies moes erken, ons sal net nie meer sonder die vrouens in ons lewe kan klaarkom nie.

Op 29 April 2004 het ek vroeg die oggend stilte tyd gehou en ek was gekonfronteer met ’n vraag in my Bybeldagboek, die vraag was: *Waaraan dink jy as iemand vir jou vra of jy arm is*?

Waaraan dink julle as iemand vir jou sou vra of jy arm is? Ek het eerste aan my nie te wonderlike bankbalans

gedink, dalk het julle ook! Maar toe lees ek verder, Jaco Thom sê hierdie antwoord van my het verraai hoe deeglik materialisme my al beet gepak het. Materialisme is daardie lelike manier om net altyd oor geld te dink, oor meer en meer geld te praat.

Skaam het ek verder gelees van die dominee met ’n gemeente wat finansieel gesukkel het. Daar het ’n brief op die tafel van hierdie gemeente geland, vanaf ’n hoër en belangrike vergadering van die kerk. Die brief het ewe onskuldig en opreg gesê watter hulp daar vir hierdie arm gemeente is.

Verontwaardig het die kerkraad oor hierdie brief begin gesels. Nie verontwaardig oor die hulp nie, maar oor die feit dat iemand besluit het hulle is ’n arm gemeente. Hulle het toe lank met mekaar gepraat oor die vraag: maar nou wanneer is ’n mens arm, wanneer is ’n gemeente arm?

Hulle het toe besef dat armoede nie te doen het met te min geld nie, want ’n mens kan min geld hê, maar nog

steeds skatryk wees, want ’n mens is eers arm as jy niemand het nie, of aan die ander kant is ’n mens eers arm as jy niemand het wat jou meer nodig het nie.

Ek het weer aan hierdie verhaal gedink toe ek besig was met hierdie preek. Dit is omdat ons miskien in ons huise vandag baie ryker is as wat ons dink, ja, miskien het ons nie al die luukshede wat ons graag wil hê nie, miskien kan ons nie alles koop wat ons graag wil hê nie, maar ons kan steeds skatryk wees want in ons huis is daar die iemand wat baie saak maak, die iemand sonder wie ons baie sal sukkel en dit is ons vrouens en moeders.

Liewe mammas besef julle nog werklik hoeveel rykdom julle as vrouens en moeders tot julle gesinne kan bydrae, nee, nie deur meer en meer geld in die huis in te dra van die werk af nie, maar om ’n vrou vir jou man te wees en ’n ma vir jou kinders. Dalk, net dalk het ons vergeet dat jy so rykdom in die huisgesin kan indra, rykdom wat selfs staande kan bly as die geld al minder en minder geword het.

Is dit nie daarom dat Spreuke 18 vers 22 vir ons sê dat ’n man het eers ware geluk gevind, as hy sy vrou gevind het en ons kan verder inlees dat kinders het eers ware geluk gevind as hulle die ware betekenis van hulle moeder besef en waardeer.

As ons werklik die moeite doen om werklik na te dink oor dit wat ons vrouens en moeders vir ons beteken, wel, dan sal ons besef dat dit God alleen was wat ’n vrou en ’n moeder sorgvuldig geskape het.

Vir Lemuel van die Bybel was sy ma, met al haar foute en tekortkominge, die knapste, die beste van alle vroue; Hoekom? Omdat sy sy ma was, omdat God haar gemaak het en vir hom gegee het.

Kan ons werklik bepaal wat ons ma en ons vrou vir ons beteken? Of sal ons eers eendag as hulle moontlik nie meer daar is nie, skielik besef wat hulle vir ons beteken het?

SESDE SONDAG VAN DIE OPSTANDING
Moedersdag
Word ons moeders na waarde geskat?

Tekste: Spreuke 31: 10-31; Psalm 131: 2.
Liedere: Gesang 175; Gesang 190: 1-3; Gesang 530: 1-3; Gesang 514: 1-2; Gesang 268 x 2.

Julle weet so goed soos ek dat die grootste siekte van ons tyd dalk nie Covid-19 is nie, dalk, net dalk is daar ’n baie groter siekte wat aan ons huisgesinne vreet, wat aan ons kerk vreet, wat aan ons volk vreet. Hierdie siekte het al baie, ek bedoel sommer baie, baie gesinne verwoes en ons het mos al gelees en geleer dat as jy ’n volk wil verwoes, dat breek jy die huisgesinne af, dan breek jy die familiebande af.

Nou wil julle seker by my weet wat is hierdie siekte wat selfs moontlik groter en gevaarliker as Covid-19 kan wees; dit is die siekte, veral onder ons jongmense, maar ook onder ons volwassenes, dit is die siekte wat soos ’n kanker besig is om aan die Afrikaner te vreet. Hierdie siekte se naam is: geen respek meer vir volwassenes, ouers, vir vrouens en veral ook vir moeders nie.

Het jy nog respek vir jou moeder? Kan ’n mens dit hoor as julle met julle pelle praat? Kan ’n mens dit sien as julle teenoor julle moeders optree? Ongelukkig, soms nie;

kom, kom ons begin sommer nou en ons besluit hier en nou ons gaan meer respek vir ons vrouens en moeders hê, kom ons besluit sommer nou ons gaan ons vrouens en moeders baie meer respekteer omdat God hulle gemaak het en toe vir ons gegee het.

Moedersdag is daardie een dag in die jaar wat ons gerus maar kan gebruik om vir die moeders in ons lewe dankie te sê. Vroue wat ’n groot rol speel in ons vorming as mens. Kom ons bid vandag en ook ander dae die genade van die Here op ons moeders af.

AMEN.

SEENGROET:

Gesang 268 x 2